KINDERS IN XTUS

MOEDERSDAG 2021

Alhoewel ons Moedersdag vier, is ons ook bewus daarvan dat daar baie kinders is wat nie 'n mamma het nie of wie se ouer nie positiewe invloed uitoefen nie. Daarom stel ons voor dat die term ook breër verduidelik word, sodat kinders die volwassenes wat 'n moederlike rol in hul lewens speel, kan vereer.

Kopieer die patroon op gekleurde papier. Sny dit rofweg uit en plaas op 'n ander kleur karton om te sien of dit pas.

Smeer 'n bietjie gom (of plak 'n stukkie "double-sided tape") aan die agterkant van die blom se sirkel. Sorg dat die "blare" nie vasgeplak is nie.

Knip die papier en karton saam uit op die buitenste lyne van die blom.

Knip ook die kepies tussen die blare in tot teen die sirkel.



Vou die blaartjies terug en laat die kinders mooi eienskappe van hul mammas neerskryf onder elke blaar. Die kind kan sy/haar naam onder een van die blare skryf.


My
mamma
is...


My
mamma
is...


My
mamma
is...


My
mamma
is...


My
mamma
is...


My
mamma
is...